## WEES GEGROET HEMELKONINGIN - *AVE REGINA CAELORUM*

*Hierdie gebed word gewoonlik in die Vastyd gebid.*

**L:** Wees gegroet, Hemelkoningin;

A: Wees gegroet, Vorstin van die Engele; Wees gegroet o Wortel; Wees gegroet o Poort, waaruit die Lig vir die wêreld opgegaan het. Verheug u, roemvolle Maagd, bo almal verhewe; gegroet u, vol skoonheid, en bid tot Christus vir ons. Amen.

### *NOU VOLG DIE FINALE GEBED*

**L:** Bid vir ons o heilige moeder van God.

**A:** Dat ons die beloftes van Christus waardig mag word.

**L:** Laat ons bid: O God, u eniggebore Seun het deur sy lewe, dood en opstanding vir ons die loon van die ewige lewe verkry.


**A:** Gee dat ons, nadat ons die geheimenisse van die heilige Rosekrans van die geseënde Maagd Maria oordink het, mag navolg wat hulle inhou en verkry wat hulle belowe; deur Jesus Christus onse Here. – Amen.

*© Die Oratorium Uitgewery & © AfrikaansKatoliek*
*Amptelike goedgekeurde tekste*


## DIE ROSEKRANS

**L** = Leier – **A** = Almal

*Die gebed begin as volg:*



**L:** + In die naam van die Vader, en van die Seun, en van die Heilige Gees.

**A:** Amen.

## DIE GELOOFSBELYDENIS

**L:** Ek glo in een God,

**A:** die almagtige Vader, die Skepper van hemel en aarde; en in Jesus Christus sy eniggebore Seun, onse Here; wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die Maagd Maria; wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig, gestorwe en begrawe is; wat neergedaal het na die doderyk, die derde dag weer opgestaan het uit die dode, opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, vanwaar Hy sal kom om te oordeel, die lewende en die dode. Ek glo in die Heilige Gees, die Heilige Katolieke Kerk, die gemeenskap van die heiliges, die vergewing van sondes, die wederopstanding van die vlees en die ewige lewe. Amen.

## DIE ONSE VADER

**L:** Onse Vader wat in die hemel is, laat u naam geheilig word; laat u koninkryk kom, laat u wil geskied soos in die hemel net so ook op die aarde.

**A:** Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergeef ons, ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe, en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose.

## "WEES GEGROET"

**L:** Wees Gegroet, Maria, vol genade, die Here is met U. Geseënd is u onder die vroue en geseënd is Jesus, die vrug van u skoot.

**A:** Heilige Maria, Moeder van God, bid vir ons sondaars, nou en in die uur van ons dood. Amen.

## EER AAN DIE VADER

**L:** Eer aan die Vader, en aan die Seun en aan die Heilige Gees.

**A:** Soos dit in die begin was, so ook nou en altyd, tot in alle ewigheid. – Amen.

*© Die Oratorium Uitgewery & © AfrikaansKatoliek*
*Amptelike goedgekeurde tekste*

*Nou word die Geheimenisse gebid. Daar is vier reekse geheimenisse; die Blye Geheimenisse, die Lydingsgeheimenisse, die Glorieryke Geheimenisse en die Ligryke Geheimenisse. Een Geheimenisreeks moet ten minste volledig gebid word.*

*Bid so: Kondig die Geheimenisreeks aan, bv. die Ligryke Geheimenisse;*

*Noem die eerste Geheimenis, bv. die doop van onse Here in die Jordaanrivier. Bid die Onse Vader; dan tien "Wees Gegroete" (ook 'n dekade genoem); een "Wees Gegroet" per bidkraletjie. Eindig dan met die "Eer aan die Vader..." en die "Fatima" gebed.*

*Noem die tweede Geheimenis, bv. die openbaring van onse Here by die huweliksfees te Kana. Bid weer die Onse Vader, gevolg deur tien "Wees Gegroete" (een "Wees Gegroet" per bid kraletjie) en sluit dan af met die "Eer aan die Vader..." en die "Fatima" gebed. Dieselfde prosedure word gevolg vir alle daaropvolgende Geheimenisse.*

## DIE BLYE GEHEIMENISSE (MAANDAE & SATERDAE)

1ste: Die engel bring die boodskap aan Maria.
2de: Maria besoek Elisabet.
3de: Jesus word in die stal gebore.
4de: Jesus word in die tempel aan God opgedra.
5de: Jesus word in die tempel teruggevind.

## DIE LYDINGSGEHEIMENISSE (DINSDAE & VRYDAE)

1ste: Jesus bid in doodsangs tot sy hemelse Vader.
2de: Jesus word gegésel.
3de: Jesus word met dorings gekroon.
4de: Jesus dra sy kruis na Golgota.
5de: Jesus sterf aan die kruis.

## DIE GLORIERYKE GEHEIMENISSE (WOENSDAE & SONDAE)

1ste: Jesus staan op uit die dode.
2de: Jesus vaar op na die hemel.
3de: Die Heilige Gees daal neer op die Apostels.
4de: Maria word in die hemel opgeneem.
5de: Maria word in die hemel gekroon.

## DIE LIGRYKE GEHEIMENISSE (DONDERDAE)

1ste: Die doop van onse Here in die Jordaanrivier.
2de: Die openbaring van onse Here by die huweliksfees te Kana.
3de: Die verkondiging van die koms van God se Ryk en die oproep tot berou en bekering.
4de: Die gedaanteverwisseling van onse Here.
5de: Die instelling van die Heilige Eucharistie.

## FATIMA GEBED

**L:** O my Jesus,

**A:** vergewe ons, ons sondes, bewaar ons van die vuur van die hel. Lei alle siele na die hemel, veral dié wat u barmhartigheid die meeste nodig het.

*© Die Oratorium Uitgewery & © AfrikaansKatoliek*
*Amptelike goedgekeurde tekste*


# DIE AFSLUITING VAN DIE ROSEKRANSGEBED

## WEES GEGROET HEILIGE KONINGIN - "SALVE REGINA"

*Hierdie gebed word gewoonlik in die gewone tyd van die Jaarkring gebid.*

**L:** Wees gegroet Koningin, Moeder vol barmhartigheid;

**A:** Ons lewe, ons vreugde en ons hoop, wees gegroet. Tot u roep ons, verbanne kinders van Eva; tot u smeek ons wat sug en ween in hierdie tranedal. Rig dan, o Voorspreekster, op ons u barmhartige oë en toon aan ons ná hierdie ballingskap, Jesus, die geseënde Vrug van u skoot. O genadige, o liefdevolle, o beminde Maagd Maria.

**L:** Bid vir ons o heilige moeder van God *(sien die gebed aan die einde van die pamflet.)

## KONINGIN VAN DIE HEMEL - "REGINA CAELI"

*Hierdie gebed word gewoonlik in die Paastyd gebid.*

**L:** Koningin van die hemel, verheug u, halleluja!

**A:** Want Hy, wat u waardig was om te dra, halleluja!

**L:** Het opgestaan soos Hy gesê het, halleluja!

**A:** Bid vir ons tot God, halleluja!

**L:** Verheug en verbly u, Maagd Maria, halleluja!

**A:** Want die Here het waarlik opgestaan, halleluja!

**L:** Laat ons bid:

**A:** God, U wat dit nodig geag het om die wêreld te verbly deur die opstanding van u Seun, onse Here Jesus Christus, ons smeek U: Laat ons deur sy Moeder, die Maagd Maria, die vreugde van die ewige lewe verkry. Deur dieselfde Christus onse Here. Amen.

L: Bid vir ons o heilige moeder van God *(sien die gebed aan die einde van die pamflet.)

## MOEDER VAN DIE VERLOSSER - *ALMA REDEMPTORIS MATER*

*Hierdie gebed word gewoonlik in die Adventstyd gebid.*

**L:** Liefdevolle Moeder van die Verlosser,
hemelpoort en ster van die see,
staan u gevalle volk by soos ons probeer om weer op te staan.

**A:** Die natuur staan verwonderd
oor die feit dat u die Skepper kon dra en steeds 'n maagd bly.
U, wat Gabriël se blye begroeting ontvang het,
ontferm u oor ons arme sondaars. Amen.

**L:** Bid vir ons o heilige moeder van God *(sien die gebed aan die einde van die pamflet.)

*© Die Oratorium Uitgewery & © AfrikaansKatoliek*
*Amptelike goedgekeurde tekste*